



EUROPESE KERSFEESTOER 12 – 27 DESEMBER 2018 NADERE BESONDERHEDE

TOERPRYS: R43 460 plus reisversekering en ***Verpligte uitgawes** van ongeveer **R7 760** per persoon wat deel.

INGESLUIT BY DIE TOERPRYS

- Retoervliegkaartjies: **Lufthansa:** Jhb – Frankfurt – Amsterdam; Zürich – Frankfurt – Jhb
Emirates: Kaapstad – Dubai – Amsterdam; Zürich – Dubai – Kaapstad
- Vier nagte op boot – alle etes ingesluit
- Vervoer per luukse bus
- Akkommodasie in goeie hotelle
- Hantering van bagasie by boot, in Swartwoud en in Switserland
- Twee uitgebreide maaltye per dag gedurende bustoer en in Switserland
- Alle uitstappies en toegangsgeld soos op program aangedui
- Toerleier vergesel die groep vanaf Johannesburg

NIE INGESLUIT BY DIE TOERPRYS NIE (*Verpligte uitgawes)

- *Lughawebelastings: ± R5 280 per persoon
- *Koste van visums: ± R1 280 per aansoek – Duitse Schengenvisum en visumdienssentrumfooi
- *Footjies vir plaaslike gidse, busbestuurder, boot-, hotel- en ander dienspersoneel: R1 200 per persoon
- Reisversekering, waaroor u later volledige besonderhede sal kry
- Binnelandse aansluitingsvlugte na die O.R. Tambo-lughawe in Johannesburg/Kaapstad
- Vervoer na en van binnelandse lughawens
- Verkryging van paspoorte
- Enkelkajuit en -kamerbybetaling (± R8 500)
- Persoonlike uitgawes op die toer: Drankies, middagetes tydens bustoer en in Switserland, telefoonoproepe, geskenke, aandenkings ens

DEPOSITO EN INSKRYWING

'n Deposito van R5 000 per persoon is met inskrywing betaalbaar. Volledige besonderhede ivm die aankoop van vliegkaartjies, die uitneem van visums, versekering ens word vroegetydig per omsendbrief aan toerlede gestuur.

'n Tjek uitgemaak aan **CHRISTINE VAN WYK-TOERE**, afskrif van 'n *bankdepositostrokke of bewys van elektroniese oorbetalings (EFT) moet saam met die Inskrywings- en Vrywaringsvorme aan ons gestuur word.

NB: GEBRUIK U VOORLETTERS EN VAN AS VERWYSING VIR ALLE BETALINGS!

**Alle geld wat in kontant inbetaal word, moet die ekstra kontantbetalingskoste insluit. Vra u bank hoeveel dit behoort (± 1% van die bedrag).*

BANKBESONDERHEDE:

Christine van Wyk-Toere

Standard Bank; Tjekrekening

Pretoria-Noord; Takkode 01-04-45 of 05-10-01

Rekeningnommer 410 722 782

Ons kan ongelukkig vir niemand plek hou nie. 'n Inskrywing is eers geldig wanneer ons u deposito, tesame met die Inskrywings- en Vrywaringsvorme, ontvang het.

FINALE BETALING

Die volle toerprys plus alle ander geld (visums, footjies, versekering, ens) moet teen **12 September 2018** betaal word. Tref dus asseblief vroegetydig reëlings dat die geld beskikbaar is.

TERUGBETALING, INDIEN VAN TOEPASSING

Aangesien die toergeld lank vooruit aan ons oorsese agente betaal moet word, is die volgende van toepassing:

- * Indien toerlede genoodsaak is om vóór **12 Augustus 2018** te kanselleer, kry hulle by **skriftelike** kansellasie **R4 500** per persoon van die deposito terug.
- * Indien toerlede daarná, tot **12 September 2018**, kanselleer, kry hulle **R4 000** per persoon terug.
- * Ná **12 September 2018** word geen deposito's terugbetaal nie – sien KANSELLASIE.
- * Indien 'n toerlid **vanweë siekte** genoodsaak is om te kanselleer voor die finale toerprys betaal is (dws voor **12 September 2018**), word die volle deposito minus **R500** by voorlegging van 'n doktersertifikaat terugbetaal. In geval van kansellasie as gevolg van siekte ná **12 September 2018**, geld u versekeringsdekking en sal **geen deposito** terugbetaal word nie. Sien KANSELLASIE.

KANSELLASIE

Sodra die nodige reisversekeringspolis wat vir kansellasiedekking voorsiening maak, uitgeneem is, kan u, indien u moet kanselleer, u geld van die versekeringsmaatskappy terugeis, mits die rede vir kansellasie kragtens die polis aanvaarbaar is. Volledige besonderhede oor reisversekering sal aan almal wat inskryf gestuur word. Toerlede het die keuse om hul versekering deur ons (Christine van Wyk-Toere) uit te neem of dit privaat te doen en dan net die versekeringsdokumente as bewys van voldoende reisversekering aan ons te stuur.

BEREKENING VAN TOERPRYS

Die toerprys, onderhewig aan 'n minimum van 20 toerlede, is bereken per persoon wat deel. Soos alle toere is hierdie toer ook onderhewig aan faktore buite ons beheer, wat die landreëlings se koste, vliegkoste en vlugtye kan beïnvloed.

VLIEGKAARTJIES EN KONSESSIEHOUERS

Ons toergroep vlieg met onderskeidelik **Lufthansa** vanaf **Johannesburg** en **Emirates** vanaf **Kaapstad**. Alle vliegkaartjies word deur **FERNWEH TRAVEL** uitgereik. Die toerprys sluit vliegkaartjies in, maar nie lughawebelasting en binnelandse aansluitingsvlugte na en van **Johannesburg/Kaapstad** nie. **Lufthansa aanvaar** kredietkaartbetalings vir groepvlugte en u het dus die opsie om u lugreiskoste per kredietkaart te betaal. **Emirates** aanvaar egter **nie** kredietkaartbetalings op groepvlugte nie.

SAL- of SAS-konsessiehouers kan hulle in Amsterdam, of waar elders ooreengekom, by die groep aansluit. Die afslag ter sprake is die koste van die groepvliegkaartjie, nl **R6 190** per persoon. Indien toerlede noodgedwonge met 'n ander lugdiens moet vlieg, geld dieselfde afslag.

ENKELKAJUITE/-KAMERS

Toerlede kan enkelverblyf op die boot en in die hotelle kry, mits hulle bereid is om 'n bedrag by te betaal – sien 'DIE TOERPRYS SLUIT NIE DIE VOLGENDE IN NIE'. Daar is nie kleiner, enkelkajuite op die boot beskikbaar nie – slegs dubbelkajuite vir enkelgebruik. Derhalwe is die enkelbybetaling vir kajuite hoog. U spaar dus baie wanneer u saam met 'n maat toer. Probeer gerus 'n familielid, vriend of kennis oorreed om saam te gaan. Ons probeer graag help om vir enkellopende toerlede geskikte kamermaats te vind, **maar staan onder geen verpligting om dit te doen nie.**

DIE BOOT

Die **MS Rigoglio** is 'n gerieflike boot. Al die kajuite is dieselfde grootte en die sig vanaf albei dekke is uitstekend. Die kajuite beskik oor twee enkelbeddens, ingeboude kaste, 'n stort, wasbak en toilet. Kluis is in al die kajuite beskikbaar. **Kajuite word toegeken volgens die datum van inskrywing.** 'n Mens is bedags selde in jou kajuit. Terwyl die boot vaar, kuier almal heerlik in die ruim sitkamer of bo op die dek. Die sitkamer het gemaklike stoele en die omgewing kan van daar deur die groot vensters bekyk word terwyl gratis koffie en tee verskaf word. Rokers word beperk tot spesifieke areas op die sondek.

WEGBREKERS

Dit is moontlik om voor of ná afloop van die toer op u eie te reis (met ander woorde van die bestaande toerprogram weg te breek). Toerlede wat die toer op hul eie wil verleng, moet so gou as moontlik hulle wegbreekdatums aan ons verskaf. Aangesien vlugte gedurende die Kersseisoen baie vol bespreek is, kan die voorkeurdatsums vir sodanige toerlede se terugkeer nie gewaarborg word indien dit van die groep s'n verskil nie. Die lugdiens hef 'n wegbrekersfooi van ± R750 per persoon indien u u groepvlug wil aanpas.

Kontak **Benita Venter** by **Fernweh Travel** vir meer inligting en reëlings in verband met wegbreekvlugte.

Benita se kontakbesonderhede:

Tel: 072 935 3679

E-pos: benita.venter1@gmail.com

PASPOORTE (DRINGEND!)

Maak asseblief seker dat u paspoort vir minstens 3 maande ná die terugkeerdatum van u toer geldig is. Daar moet ook genoeg skoon bladsye, vir veiligheid minstens drie, in u paspoort wees.

LW: Binnelandse Sake neem ongeveer 3 weke om 'n nuwe paspoort uit te reik. Indien u paspoort nie reg is nie, kan dit veroorsaak dat u nie betyds u visum kan bekom nie.

MINDERJARIGE REISIGERS (Indien van toepassing)

Minderjariges word nie toegelaat om die land te verlaat indien hulle nie 'n **oorspronklike "unabridged"-geboortesertifikaat** in hulle besit het nie. Die Ambassades sal gevolglik ook weier om visums aan minderjarige kinders uit te reik indien hierdie dokument nie getoon kan word nie. Doen asseblief onmiddellik by die Departement van Binnelandse Sake aansoek vir 'unabridged'-geboortesertifikate vir elkeen van u minderjarige kinders wat saam met u gaan reis! **Kontak ons indien u beplan om minderjariges saam met u oorsee te neem.**

GESONDHEID EN TOERFIKSHEID

Dit is vanselfsprekend dat iemand wat oorsee wil reis, se fisieke en emosionele gesondheid van só 'n aard sal wees dat hy/sy redelik onafhanklik oor die weg kan kom.

Hierdie toer is nie veeleisend nie, maar toerlede wat nie onafhanklik oor die weg kan kom nie, moet 'n toermaat/familielid saamneem wat hulle kan help en na hulle kan omsien sodat hulle nie heelyd van mede-toerlede afhanklik sal wees of die groep se belange op enige manier sal benadeel nie.

Basiese riglyne vir toerfiksheid is dat 'n mens onafhanklik in-en-uit 'n toerbus moet kan klim, onafhanklik 'n stel van 15 trappe, insluitend roltrappe, kan klim en ongeveer 1 km op jou eie moet kan stap. 'n Mens moet deurentyd jou eie handbagasie kan hanteer en bereid wees om jou groot (inweeg)tas by jou hotelkamer te besorg indien daar nie bagasiediens beskikbaar is nie. U moet bereid wees om op eie onkoste van 'n huurmotor gebruik te maak indien 'n besoekpunt tydens die toer te ver is vir u om te stap. Indien u nie aan hierdie riglyne voldoen nie, MOET u iemand saamneem wat na u kan omsien.

ONS SIEN DAARNA UIT OM U OP 2018 SE KERSFEESTOER TE VERWELKOM!